Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 7 Maart 1951 Prys 3d. No. 14

## Ding Iets Af!

Daar word berig dat daar in Meimaand weer 'n Empire-konferensie in Londen gehou sal word om Ryksverdediging te bespreek, onder andere verdediging van die Midde-Ooste.

Dit is die plig van ons regering om bepaalde voorwaardes in belang van blank Suid-Afrika te stel by dié geleentheid. Afrika moet na afloop van 'n derde wêreldoorlog veilig wees vir diegene wat hom verdedig het.

# Empire Moenie Verswak

**Vrees dat verswakking van die Britse Statebond en Brittanje die toekoms en behoud van Suid-Afrika in gevaar stel, word uitgespreek in 'n hoofartikel van Die Burger waarin die blad die Britse koloniale beleid wat op die likwidering van die Britse Ryk afstuur, beskryf as „'n geluk by 'n ongeluk."**

Die Burger vra of die Britte dan nie kan besef dat die geleidelike likwidasie van die Statebond die koms van 'n republiek in Suid-Afrika verhaas nie. Dit vergemaklik die taak van die nasionalis. **Maar dit is 'n ongeluk by 'n geluk. Die Engelse beleid is besig „om voort te snel in 'n rigting wat die aard en wese van die Statebond ingrypend sal verander en die Statebond as sodanig noodwendig moet verswak, en dit is allermins in die belang van die saak van die anti-Kommunisme."**

Die blad gaan voort deur te verklaar dat die „Nasionalis" aan die „ou Empire" nooit verknog was nie, maar daarteen geveg het. „Ook aan die Statebond van vandag is die Nasionale Afrikaner deur geen bande van liefde of sentiment gebind nie, **maar in die gevaarlike wêreld van vandag, waarin ons blote bestaan eis dat die Kommunisme nie die oorhand mag kry nie, is dit in ons hoogste belang dat geen bondgenoot van die Weste, en allermins 'n belangrike soos Engeland, vir die stryd van die Weste minder sterk en waardevol word nie.** Ons eie toekoms en selfbehoud, eendag ook as republiek, kan alleen gewaarborg bly solank die lande van die Westerse beskawing alle aanslae van ander kan afslaan. **Daarom is dit jammer dat die Britse koloniale beleid,** naas die voordeel wat dit ons besorg, **die Britse mag en invloed en daardeur ook die mag van die Weste ondermyn."**

**Toe voormalige republikeine onder die Sap-beleid Empiregesind geword het, het hulle hul op die swakheid van Suid-Afrika beroep deur te beweer dat ons die magtige Britse beskerming nodig het. Tans beroep voormalige republikeine hulle op die swakheid van Brittanje as grond vir die voortbestaan van die Britse Empire en Statebond en ons deelname daaraan.**

**Watter argument is die dodelikste vir republikanisme?**

# KANADA VERBRITS ONDER FRANSE LEIDING

**Die Engelse pers berig dat die Kanadese nog sal voortgaan om God Save the King te sing as volkslied en die Union Jack te wapper as landsvlag en hul land 'n dominium te noem. Die Kanadese laerhuis het eenparig 'n voorstel van 'n Franssprekende lid, P. Cote, verwerp wat vra dat 'n volkseie vlag en volkslied ingevoer moet word en dat die woord „dominium" geskrap moet word.**

**Hy het gevra dat die regering Kanada se status erken as 'n internasionale moondheid deur die aanvaarding van 'n nuwe vlag waarin die Union Jack in geen vorm beliggaam sal wees nie.**

Daar was 'n jaar of twee gelede sterk sprake dat Kanada 'n selfstandige koers sou inslaan. 'n Kommissie het selfs aanbeveel dat die Kanadese vloot van alle Britse invloede en simbole onthef moet word, terwyl die invoering van 'n eie vlag reeds in die pers ter sprake was.

Toe die Franssprekende Louis St. Laurent eerste minister geword het, was daar 'n stille verwagting dat Kanada in 'n selfstandige rigting gelei sou word. Maar dit het intussen duidelik geword dat hierdie politikus klaar gevang is deur die Britse heuningkwas. Onderstaande getuienis van 'n Londense korrespondent in die maandblad White Africa in verband met die Empire-konferensie staaf hierdie bewering:

### HANDLANGERS

„Waarskynlik die mees uitstaande figuur, of ten minste die een wat die Britse algemene publiek die meeste beïndruk het, was mnr. St. Laurent, eerste minister van Kanada. **Dit is miskien die moeite werd om op te merk dat sommige van die bekwaamste kampvegters van die Statebondsidee manne was van nie-Britse afkoms. Dit is moontlik dat die Frans-Kanadees, St. Laurent, dieselfde pad sal opgaan. Volgens persberigte uit Kanada is daardie dominium besig om meer Brits in sy uitkyk te word as in baie jare.** Die invloed van die Verenigde State was vanselfsprekend altyd baie groot in Kanada, maar dit kom nie naby die moontlikheid om die wesenlik Britse geaardheid van die land te vervang nie."

### VOLG INDIË

Dit is verder opvallend dat Kanada van alle blanke domoniums die meeste steun verleen het aan die Britse versoeningsbeleid teenoor Asiatiese kommunisme. Die Blad Time berig in verband met die Empire-konferensie dat St. Laurent 'n belangrike rol gespeel het in die oorbrugging van die Westerse en Oosterse standpunte op die V.V.O. „Ons moet 'n brug bou tussen Oos en Wes", het hy gesê, waarop Pandit Nehru laat volg het: „Indië moet 'n venster wees waardeur die Weste die Ooste kan sien."

„Teen die end van die week", aldus Time, „het selfs daardie Statebondslede wat geweier het om Rooi Sjina te erken, deur Nehru se rooierige venster na Asië en Lake Success gekyk."

**'n Paar weke ná die konferensie is berig dat Kanada sy grense weer tot 'n beperkte mate oopgooi vir Indiër-immigrasie en dat derglike toegewings binnekort teenoor Pakistan en Ceylon ook gemaak sal word.**

## Senaat Ook In Australië Allig Afgeskaf

Nadat Nu-Seeland in die begin van die jaar sy hoërhuis (gelykstaande aan die senaat by ons) ontbind het as 'n vyfde wiel aan die wa, is daar ook nou 'n beweging in Australië aan die gang vir ontbinding van die senaat. Die Australiese Arbeidersparty-kongres het verlede week met meerderheid van stemme besluit om by die regering aan te dring op die afskaffing van die senaat. Die kongres het versoek dat 'n volkstemming daaroor gehou moet word.

## Frankryk Boer Fluks Vooruit Met Regerings

Die Franse was in die begin van die week nog steeds besig om te worstel met hul vyftiende kabinetskrisis sedert die oorlog. Die nuwe regering waarna nog gesoek word, sal die sestiende wees waarmee die Franse sedert 1944 geseën was.

Die partypolitiek het in daardie land reeds tot so 'n verval gelei dat daar gemiddeld elke vyf maande 'n nuwe regering probeer om te regeer. Hoe 'n land in sulke omstandighede die huidige wêreldtoestande die hoof kan bied, is 'n vraag wat die partypolitici allermins kan beantwoord.

# LEIERSKAP IS UITGEWIS DEUR HUIDIGE ORDE

**Partypolitieke diktatuur, ekonomiese toestande en 'n sussende pers word deur Intelligence Digest genoem as die belangrikste oorsake waarom daar so 'n agteruitgang by die Britse leiersgroep en openbare mening in die jongste jare plaasgevind het dat die grootste skandaal vandag nie meer 'n reaksie by die volk kan uitlok nie.**

Die blad verwys na die groot leiers wat Brittanje in die verlede voortgebring het. Leierskap is bereik in 'n duidelike proses wat vandag nie meer bestaan nie. „Ekonomiese toestande maak die bestaan van 'n leiersklas wat onafhanklik is van 'n betrekking of van politieke begunstiging onmoontlik. **Leierskap het tans oorgegaan in die hande van 'n klas wat nouliks te onderskei is van die kommissaris wat afhanklik is van sy betrekking, politieke begunstiging, parlementêre salaris of betrekkings wat vir hulle geskep word wanneer hulle nie aan bewind is nie.**

**„Niemand kan sê watter openbare figure verlore gegaan het omdat 'n bevordering van provinsiale na nasionale leierskap nie meer moontlik is nie behalwe bloot deur die politiek met al die versoekinge tot swakheid en kompromis wat byna onafskeidbaar van partybeskerming is.**

### PARTYSWEEP

„Dit is geen toevalligheid dat die geweld van die partysweep in regstreekse verhouding met die verandering van die ekonomiese toestande toegeneem het nie."

Die blad gaan voort deur te verklaar dat die bestaande orde nie geduld het dat nuwe leiers na vore tree nie. 'n Mens sou verwag het dat dit die opvolging van leiers sou aangemoedig het, maar dit is nie die geval nie. **„Die teenswoordige orde het dikwels geveg teen die ondernemende neigings van opkomende leiers, en dit, tesame met die sosialistiese ekonomie het die nuweling op elke draai teengestaan. Inderdaad lyk dit of baie van die ou orde eerder bereid was om hulle deur sosialisme te laat vervang as deur nuwelinge . . .**

„Die werkende massas, wat nog innerlik gesond is, soos uit twee wêreldoorloë geblyk het, is gevoed op 'n propaganda wat hulle mislei het. Hulle is nie in staat om die gevolge van die leuens te sien wat hulle ingeprent word nie. Die middelklas moet so worstel om te bestaan dat hulle baie selde in groot sake inmeng.

**„Alle klasse is van mag beroof. Die werkers, die middelklas en die aristokraat het afhanklik geword van die staat en niemand skyn daaroor besorg te wees nie . . .**

### SKOK NIE MEER

**„Wat ook al 'n mens se politiek mag wees, is dit moeilik om die gevolge te ontken. 'n Regering kan betrokke wees by 'n eersterangse korrupsie-skandaal; sy buitelandse beleid kan in duie stort; sy ekonomiese ondernemings in 'n groot Afrika-avontuur kan teen 'n koste van meer as £30,000,000 misluk; sy hoogste geheime kan verklap word deur vertroude amptenare; hy kan die grootste militêre magte van sy geskiedenis laat wegsmelt in die aangesig van ongeëwenaarde gevaar; aan steenkool, waarvan die volk vir sy bestaan afhanklik is, kan daar 'n kritieke tekort wees. Nouliks 'n gemor is hoorbaar. Die regering bly op sy gemak in die kussings.**

**„En dit is nie al nie. 'n Land wat uitgestrekte koloniale gebiede besit met onmeetlike rykdomme en wat die middelpunt is van 'n statebond van ongeewenaarde bronne, lewe eers van die hulp van 'n vreemde moondheid en dan gaan hy ver om die lewensbelangrike betrekkinge met daardie land te vernietig. Selfs sulke monumentale flaters slaag nie daarin om 'n beslissende reaksie op te wek nie."**

### PERS

Die blad gaan dan oor om aan te toon hoe die pers die grootste belaglikhede opdis sonder dat daar 'n woord van beswaar van die kant van die publiek geopper word. Die een dag verklaar 'n koerant soos die Spectator dat die vyand in Korea verras is en dat die militêre vooruitsig baie belowend is, en die volgende dag wanneer die Kommuniste die V.V.O.-magte voor hulle wegvee, verklaar dieselfde blad dat die Britte maar met hul werk kan voortgaan, want daar is geen aanduiding dat Rusland oorlog wil maak nie en dat die vyand in elk geval nog nie „voor die poorte staan nie."

In vergange dae sou 'n koerant wat Brittanje adviseer om te ontspan totdat die vyand voor sy poorte staan, deur die openbare mening veroordeel gewees het, veral as daar soveel getuienis soos vandag is van Rusland se voorbereiding op oorlog.

DIE O.B. WOENSDAG, 7 MAART 1951

# JODE MOET KIES

Die Sionistiese Organisasie is voornemens om aansoek te doen om die „morele en wetlike" status van 'n vennoot van die regering van Israel ter opbouing van die Joodse staat, berig die Jewish Herald. Dr. N. Goldmann het in 'n persondерhoud verklaar dat die status en samestelling van die Sionistiese Wêreldkongres een van die grootste vraagstukke is wat die organisasie op die oomblik mee te kampe het. Hy het gesê:

„Die totstandkoming van die staat Israel het vanself 'n fundamentele verandering in die taak en posisie van die Wêreld-sionistiese Organisasie en die Joodse Agentskap teweeggebring. Diegene wat oortuig daarvan is dat 'n sterk Sionistiese beweging noodsaaklik is vir die konsolidering van die staat en die insameling van die bannelinge **en bowe-al om die verband tussen die Jode oor die hele wêreld en die Joodse staat te verstewig en te handhaaf,** moet 'n nuwe grondslag uitwerk vir die Sionistiese organisasie. Die Sionistiese beweging kan alleen herlewe indien Israel dit erken as verteenwoordigend van die Joodse volk in sake handelende oor die Joodse staat, en indien dit 'n morele en wetlike status verleen word van vennoot van Israel in die opbou van die staat.

„So 'n erkenning sal in geen opsig die soewereiniteit van Israel beperk nie. Dit sal eerder 'n status wees wat vrywillig deur die volk en regering van Israel verleen is. **Dit sal in geen opsig die politieke trou teenoor Israel veronderstel van Jode in ander lande nie,"** aldus dr. Goldmann.

**Die vraagstuk waarteenoor die Joodse organisasie te staan gekom het, is nie net 'n Joodse vraagstuk nie, maar geld ook elke land wat 'n noemenswaardige aantal Jode as burgers het.** Dat dit so is, blyk al dadelik uit die ontkenning in die slotparagraaf van dr. Goldmann se verklaring.

## GEHOOP OP OPLOSSING

Die stigting van die Joodse staat in Palestina is deur baie beskou as 'n oplossing van die Joodse vraagstuk wat in die jare voor die oorlog so aktueel geword het. Waar die Jode as volk hulself dwarsdeur die wêreld wou handhaaf onder 'n gemeenskaplike wêreldleiding, het daar eintlik 'n landlose internasionale staat oor die grense van soewereine state tot stand gekom — 'n staat wat hom veral laat geld het weens die konsentrasie van die geldmag in die hande van sy „burgers."

Mense wat nie deur haat verblind is nie, het agter hierdie Joodse magsorganisasie 'n verklaring gesoek. Daarin is gesien dieselfde geldingsdrang tot nasieskap wat ook in die geval van ander volke tot selfhandhawing en verset teen onderwerping as dryfveer gedien het. **Sou die Jode dus na 'n eie vaderland verskuif kan word waar hulle hulself as volk kan uitleef langs die normale weë, sal dit die Joodse vraagstuk oplos. Dit is in hierdie lig dat die Sionistiese beweging deur baie Afrikaners met simpatie bejeën is en die Joodse staat se totstandkoming deur baie wat 'n menslike oplossing vir die Joodse vraagstuk begeer het, verwelkom is.**

Daar moet teenoor die Jode verder toegegee word dat die opbouing van die Joodse staat in Israel 'n oorgangstadium meebring wat Jode in ander lande daarby betrek. Hul oorplasing na Israel sal vanselfsprekend geleidelik geskied. **Maar die Westerse state kan nie die oë sluit vir die gevaar dat Jode wat nooit enige voorneme het om na Israel te gaan, deur middel van 'n wêreldwye organisasie met die Joodse staat verbind word nie. Dan bring dit geen oplossing van die Joodse vraagstuk nie, maar verskerp dit net die vraagstuk. Dan word elke Jood in 'n ander land 'n** burger met dubbele trou — wat eintlik daarop neerkom dat hy burgerlike voorregte in die een land geniet, maar trou verskuldig is aan 'n ander buitelandse staat. Dit is 'n toestand wat deur geen soewereine staat geduld word nie, hoewel dit in ons land nog altyd bestaan het ten opsigte van Brittanje weens ons onderhorigheid aan die Britse imperialisme.

## HUL KEUSE

Dit moet duidelik wees dat daar vir die Jode 'n ondubbelsinnige keuse is: Hulle moet òf burgers van Israel word deur hulle binne die landsgrense van daardie staat te gaan vestig, òf hulle moet alle verband met die Joodse staat verbreek. **Maar hulle kan nie hul verband met Israel deur middel van 'n wêreld-organisasie wat as „vennoot" van die staat Israel optree, gaan handhaaf en selfs verstewig terwyl hulle burgers van 'n ander land bly nie.**

Indien hulle hul verband met Israel wil bewaar sonder om daarheen te verhuis, moet hulle hul burgerskap in die land waar hulle woon opsê en as onderdane van 'n vreemde staat aangeteken word waardeur hulle onderhewig sal wees aan die regte en pligte van vreemdelinge.

Die Jode moet goed verstaan dat die gevoel van antijoodsheid wat voor en tydens die oorlog so hoog opgelaai het in die lande van die Weste vandag bedaar het nie as gevolg van die oorlogsverloop nie, maar hoofsaaklik as gevolg van die totstandkoming van die Joodse staat wat by 'n groot

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van voorg. kol.)

deel van die wêreld sowel simpatie vir die moedige vryheidstryd as hoop op 'n klaarblyklike oplossing van die vraagstuk gebring het. Wanneer die volke van die wêreld later moet uitvind dat die staat Israel verre van die Joodse vraagstuk op te los dit veel eerder vererger, sal die stryd maar net opnuut ontbrand.

# Van Die Os Op Die Esel

**Deur Sybrand**

### *Die Koning se Verlof*

'n Rukkie gelede het ek in die koerante gelees dat dr. Wm. Nicol, die Administrateur van Transvaal, die regering gaan vra om Sy Majesteit die Koning se verlof te kry sodat die provinsie Transvaal die wapen van die voormalige republiek van Transvaal mag aanneem.

Dit is 'n onskuldige beriggie. En tog wonder ek hoeveel Afrikaners hul kop gekrap het toe hulle dit gelees het. Onwillekeurig, so verbeel ek my, moes die vraag by sommige ontstaan het: Is Suid-Afrika dan so onvry dat die Koning se verlof gekry moet word voordat selfs Transvaal sy amptelike wapen mag verander?

Die antwoord is dat Suid-Afrika Britse vryheid besit — nie republikeinse vryheid nie. Want Suid-Afrika is mos nie 'n republiek nie. Ons land is 'n koninkryk en die koning wat op die S.A. troon sit is 'n Britse vors.

Die hoogste gesag wat in ons land geld is die S.A. parlement en die parlement bestaan uit (1) Sy Majesteit die Koning; (2) die Senaat; en (3) die Volksraad. Geen wet word in ons land van krag voordat dit nie deur die Koning, die Senaat en die Volksraad goedgekeur is nie. Trouens die Koning besit die hoogste uitvoerende gesag in ons land. Alles wat namens die Parlement in Suid-Afrika gedoen word, word gedoen in naam van Sy Majesteit die Koning.

### *Konstitusionele Vors*

Terloops wil ek net meld dat die koning van Suid-Afrika 'n konstitusionele monarg is, en derhalwe veronderstel is om te handel op advies van sy ministers — meer bepaald op advies van sy eerste minister. In die praktyk sou dit beteken dat die koning se verteenwoordiger in S.A. — die Goewerneur-generaal — veronderstel is om te handel op advies van die Eerste Minister van die Unie. Tog gebeur dit nie altyd nie. In 1939 het wyle genl. Hertzog, toendertyd Eerste Minister, die Goewerneur-generaal, wyle sir Patrick Duncan, versoek om die Parlement te ontbind — net die koning of sy verteenwoordiger kan dit doen — sodat 'n verkiesing gehou word oor die kwessie van deelname aan die oorlog. Sir Duncan het geweier. Ek weet nie op wie se advies hy eindelik gehandel het nie, maar in ieder geval het hy wyle genl. Smuts versoek om 'n regering saam te stel — wat toe die oorlog deurgesien het.

Dit moet derhalwe nie gedink word dat die Koning se rol in die bestuurlike sake van Suid-Afrika gering is nie. Nogtans is daar mense wat in die openbaar verklaar dat Suid-Afrika deur 'n republiek te word nie vryer sal word as wat hy tans is nie. Dit is nie heeltemal waar nie. Deur 'n republiek te word sal Suid-Afrika republikeinse vryheid kry in teenstelling met die Britse vryheid wat hy vandag het. En vir die Afrikaner beteken republikeinse vryheid ongetwyfeld groter vryheid as Britse vryheid.

Laat my tog toe om 'n vriendelike waarskuwing te rig aan alle Afrikaners: Moenie toelaat dat die Britte sodanig beslag lê op u gees dat u nie meer kan onderskei tussen Britse en republikeinse vryheid nie.

Maar om terug te keer na die Transvalers en hul wapen. Provinsiale rade het sekere gedelegeerde magte — en wapenverandering is oënskynlik nie een van daardie magte nie. Dit is oënskynlik ook nie nodig dat wetgewing ingedien moet word vir die wapenverandering nie—daarvoor is slegs die verlof van die uitvoerende gesag nodig. En die koning besit die hoogste uitvoerende gesag. Derhalwe moet Sy Majesteit se verlof verkry word.

### *Witman teen Witman*

Ek wil twee aspekte hier noem van die groot politieke partye se stryd oor die Kleurlingwetsontwerp wat môre by die parlement ingedien sal word. Die voordele en die nadele van die wetsontwerp is reeds herhaaldelik bespreek en sal ongetwyfeld nog in die toekoms tot vervelens-toe voorgedra word. Die aspekte wat ek wil noem geniet egter in die partypers glad nie die aandag wat dit verdien nie.

Die eerste aspek is dat die blankes in ons land 'n langdurige, bittere en kwaai stryd teen mekaar gaan voer oor die sogenaamde regte van die nieblankes. Witman gaan vir Witman aan die keel gryp oor die kwessie van die Kleurlinge se stemreg. Die toeskouers van hierdie wedstryd gaan al die nie-blankes wees. Die baniere waaronder die wedstryd gevoer gaan word, is deur die teenstanders vir mekaar verskaf. Die een banier, wat die regeringspartye vir die Opposisiepartye gegee het, lui: Vir die nie-blankes! En die ander banier wat die opposisiepartye vir die regeringspartye gegee het, lui: Teen die nie-blankes! En die nie-blanke toeskouers gaan vanselfsprekend skree vir die kant op wie se banier geskryf staan: Vir die nie-blankes. En dit is maar net menslik dat hierdie kant so sal optree dat hy applous van die pawiljoen sal uitlok. Dit beteken dat die Kleurlingwetsontwerp 'n diepgaande verdeling tussen Witman en Witman bewerkstellig en terselfdertyd 'n veelseggende bondgenootskap smee tussen een deel van die blanke bevolking — terloops 'n baie groot deel — en die nie-blanke bevolking van die land. En hierdie bondgenootskap sal opereer teen die ander deel van die blanke bevolking.

### *Die Regeringspers se Klag*

Dit is nie net ek wat hierdie gevaar raaksien nie. O, nee. Die Burger, lyforgaan van die regering, het dit ook raakgesien. In 'n klaagartikel, deur die blad se politieke korrespondent, word gewys op die samespanning tussen die nie-blankes en die opposisiepartye se pers, in soverre laasgenoemde publisiteit gee aan eersgenoemde se protesbewegings. Die blad is bevrees dat die protesbewegings van die nie-blankes (wat minstens stilswyend gesteun word deur 'n groot deel van die blanke bevolking) hand-uit kan ruk. Ja, ek vrees dit ook.

Maar die regering het opsetlik die hele kwessie van die politieke regte van nie-blankes in die partypolitiek gesleep. En dit sal hulle nou niks help om vrome verwyte aan die adres van die opposisiepartye te rig nie. Die koeël is deur die kerk. Die witman sal voortaan die prys moet betaal vir die regering se beleid om die hele aangeleentheid van die handhawing van die witman se baasskap 'n partypolitieke twisappel te maak.

Daar word 'n tyd — kort gelede nog — toe min. N. C. Havenga, die leier van die Afrikanerparty, daarvoor gepleit het dat die kwessie van die politieke regte van die nie-blankes tog nie 'n partypolitieke twisappel moet word nie. Min. Havenga sê nou niks. Hy swyg. Ek weet nie wat sy swye beteken nie. Dit lyk of hy maar geswig het voor die oormag van sy sterker bondgenoot. Dit mag so wees. Ek glo egter dat die tradisionele Hertzog-beleid vandag nog, en in die toekoms, die onverbiddelike grondslag van Suid-Afrika se kleurwetgewing moet wees. Ek sal die beleid soos volg formuleer: Aangeleenthede wat die regte van nie-blankes raak mag nie 'n twisappel tussen blankes wees nie. Inteendeel blankes moet altyd 'n geslote front toon teenoor die nie-blankes.

### *Die Neweproduk*

Die tweede aspek wat ek wil noem is eintlik 'n neweproduk van die eerste. As gevolg van die stryd waarin die Kleurlingwetsontwerp ontvang is en bes moontlik gebore sal word, het dit reeds tot 'n sekere mate en sal dit ongetwyfeld in die toekoms tot 'n meerdere mate, die eenwording van alle nie-blankes bevorder. Nie-blanke eenheid is 'n ou ideaal wat nie-blanke voormanne nog altyd oor gedroom het, maar nog nooit kon bewerkstellig nie. Dit lyk asof die regering se optrede nou hierdie nie-blanke ideaal gaan verwesenlik. Volgens berigte in die pers het die African Peoples Congress sowel as organisasies wat die Asiate-bevolking van die Unie verteenwoordig, hulle gewig onvoorwaardelik ingegooi by die Kleurlinge in hul stryd teen „onderdrukking." Die toesegging van steun het nie net by woorde gebly nie; en daar is glo reeds 'n soort skakelkomitee tussen Naturelle, Indiërs en Kleurlinge in die lewe geroep deur hul onderskeie hooforganisasies. Die proses wat tans aan die gang is, is verspreide plaaslike skakeling tussen plaaslike en ondergeskikte organisasies van die drie rassegroepe. Die verwagting van die nie-blankes se voormanne is dat die hitte van die stryd wat voorlê volkome nieblanke eenheid sal smee.

### *Voormalige „Kommuniste"*

'n Verdere verontrustende feit is dat die persone wat besig is om uit te stoot na die spits van die nie-blanke eenheidsbeweging meestal almal voormalige „kommuniste" is. Hierdie mense wen nou nuwe invloed by die nie-blankes onder dekking van 'n stryd wat hoofsaaklik in die parlement tussen regering en opposisie gevoer sal word. En die regering kan nie die stryd belet waardeur voormalige „kommuniste" na nuwe leiersposisies onder die nie-blankes klim nie, want dan moet hy ook die opposisie belet. En die regering kan tog nie sy wederhelf belet nie.

Blanke verdeeldheid, nieblanke eenheid, en 'n bondgenootskap tussen een deel van die blankes en die hele nieblankedom — dit is sommige gevolge van die Kleurlingwetsontwerp.

(vervolg op bladsy 3 kolom 2)

## Waarde van 'n Staatsvorm

# Argentinië Het Onder Peron Herrys

**In 'n vorige artikel is 'n paar van die Peronistiese gedagtes oor arbeidsorganisasie in Argentinië genoem. Dit kom in kort daarop neer dat die beginsel van verantwoordelikheid van elke bedryf en beroep vir die lewensbehoeftes van arbeiders wat aan daardie beroep deelneem, gevolg word. Dit beoog die uitskakeling van die idee van klassebotsings. 'n Arbeidersklas word in 'n posisie van eerbare gelykheid teenoor 'n werkgewersklas geplaas en tesaam moet die oplossing van die probleme van die betrokke bedryf dan deur werkgewers en werknemers gevind word. Dog dit was nog nie al nie.**

### EKONOMIESE VRYWORDING

Veral in Argentinië waar nasionale ekonomiese magsmiddels in die hande van groot buitelandse belange was, was die ekonomiese vrywording van die land van groot belang. Die telefoonstelsel, die spoorweë, die binnelandse hawens was almal die uitbuitingsveld van veral buitelandse groot-kapitalisme wat dividende tot die hoogte van 'n beweerde 2,000 persent kon uitbetaal aan hul nie-Argentynse beleggers.

Die mag van die groot-kapitaal het die landsfinansies deur bv. die willekeurige vasstelling van treintariewe ondermyn, om maar een beleidsaak te noem wat 'n hele land se ekonomie kan ontwrig.

Dit word beweer dat die kapitalistiese belange soms groter bedrae uit die Argentynse volk geput het as wat die land se ontvangers van inkomste kon lewer.

### HELE OMMEKEER NODIG

**Onder hierdie omstandighede moes iemand kom om 'n ommekeer teweeg te bring. Dit moes die opheffing van die arbeider, die uitwerping van buitelandse kapitaliste en die instelling van 'n sterk nasionale staatsvorm behels. Dit alles is deur Peron verrig.**

### PERON SE PRESTASIES

Die vervoerwese, skepe, hawens, treine is genasionaliseer. Die mag van die groot buitelandse kapitalisme is gebreek en die deur vir die opbou van 'n sterk staat is oopgemaak. Die geweldige nasionale stigting vir volkswelsyn het regspersoonlikheid ontvang en onder die geesdriftige aanvoering van die welbekende Presidentsvrou, Maria Eva Duarte de Peron, het die reuse-organisasie wat haar naam dra, aangegroei tot een van die uitkentekens op die Argentynse maatskaplike landskap.

### DIE NUWE STAATSVORM

**Dog die raamwerk waardeur die geheel gestut moes word was 'n staatsvorm; en dit het die Argentynse Republiek op 11**

**Deur J. de Vos**

Maart 1949 gekry in die vorm van 'n nuwe grondwet waarin die grondrigting van die nuwe staat aangedui en die masjinerie saamgestel is.

### V.S.A.-GRONDWET NAGEVOLG

Dis opmerklik dat die keuse op 'n model wat in alle hooftrekke dieselfde as dié van die Verenigde State s'n is geval het. **Daar is 'n president vir 'n vasgestelde termyn en sy posisie is nie afhanklik van 'n meerderheid in die twee wetgewende huise nie.**

### PRESIDENT KAN WETGEWENDE HUISE NIE ONTBIND NIE

Die wetgewende mag berus dan by die twee wetgewende huise, 'n Huis van Afgevaardigdes en 'n Senaat, met pligte en regte baie op die Verenigde State se patroon. Hulle kan ook nie huis toe gejaag word deur die president nie. Laasgenoemde het geen ontbindingsreg nie. Alle lede dien vir 'n vaste tydperk van ses jaar maar die helfte van die huise word driejaarliks vervang deur verkiesings.

**Die Ministers wat deur die president aangestel word, mag ook nie lede van een van die twee huise wees nie. Daar is dus volkome skeiding tussen die wetgewende en uitvoerende gesag.**

### BESKERMING VAN GRONDWET

Dan is daar 'n hooggeregshof wat o.a. die grondwet moet beskerm en botsings tussen sentrale en provinsiale gesag moet oplos. Die regters mag nie ontslaan word nie.

### VRYE STEMREG

Die hele grondwetlike prentjie is dus byna presies die selfde as dié van die Verenigde State. **Die stemreg is vry en hoewel verslaggewers naarstiglik gesoek het kon geen dwang by die stembuste opgespoor word nie. Die lawaai in die wêreldpers teen Peron is dus waarskynlik van dieselfde welbekende oorsprong waaraan ons in die Unie al gewoond geword het as sterk nasionale rigtings hul kop uitsteek.**

### NASIONALE HEROPBOU

**Die gevolg van al die woelinge is 'n gekoördineer-nasionale herstel in alle rigtings, 'n versterkte selfvertroue waar dit optrede na die binne- of buiteland geld, die skaring van die volk om 'n sterk leier wat as persoon vooraan die ontluikende kragte lei, die vestiging van Argentinië as 'n faktor waarmee almal, vriend en vyand, rekening moet hou. Bloot die mate van teenpropaganda wat gedoen word, toon die bestaan van 'n lewenskragtigheid by Argentinië aan.**

### IN ALBEI DIE AMERIKA'S

Dis opmerklik dat in albei die Amerika's, heroute van 'n nuwe, energieke wêreld, die nommer een staat van elkeen, die Verenigde State in Noord-Amerika en Argentinië in Suid-Amerika, dieselfde soort grondwet gekies het.

### 'N LES WAT ONS KAN LEER

As die Unie nie met sy Westminster-snobisme alte slim in eie oë is nie is dit nie te laat om die les te leer nie. **Ons het tans 'n grondwet wat niemand veilig laat voel nie en wat die groei van 'n nasionale rigting vertraag. Die rede hiervoor is eenvoudig: die stomme grondwet het geen stabiliteit in homself nie. Hy moet op sterk partye steun. Die Afrikaner se teenstander verskuil hom in 'n party wat hom omhul en isoleer, onaanraakbaar vir die kwellinge van gesonde verstand. Hierdie party is 'n produk van ons masjien en sal nie sy houvas verloor solank ons die tweeparty-stelsel van Groot-Brittanje aankleef nie.**

As ons soos die Verenigde State en Argentinië 'n grondwet sou kry met 'n stewigheid van sy eie, een wat rus in die staatkundige lewe bring en die vrees vir die altyd-dreigende val van die regering laat verdwyn, omdat dit nie kan gebeur voor verstryking van die termyn nie, dan sal ons ook met meer selfvertroue en verstandigheid ons taak in Afrika en die wêreld tegemoet kan gaan.

Intussen kan ons niks as goeds toewens nie aan 'n jong land soos ons wat skynbaar die pad gevind het en voortseil onder sy leuse van:—

Maatskaplike Geregtigheid, Ekonomiese Vryheid, Staatkundige Nasionale Soewereiniteit.

## Vryheidsvuur Brand Op Heidelberg

Heidelberg (Kaap) het Amajubafees gehou op Saterdag, 24 Februarie op die plaas van die kommandant, mnr. N. J. Uys, soos laas jaar.

Die verrigtings het begin met Skriflesing en gebed deur mnr. Uys, waarna gesamentlik gesing is. Die vryheidsvuur is aangesteek deur lede van die kommando en die Boerejeug. Nadat mnr. Uys die generaal, mnr. J. L. Swart, versoek het om eerste sy stukkie hout op die vuur te gooi, het elkeen aanwesig sy voorbeeld gevolg en ook die offerkissie het die bedrag van £3 3s. 3d. opgelewer.

Nadat afgesluit is met die sing van die Stem, en gebed deur mnr. C. Gildenhuys (veldkornet) het almal verdaag na die plaaswoning waar koffie en lekkernye bedien is en 'n baie gesellige aand is saam deurgebring. Die Vryheidsvuur in Heidelberg brand nog!—(Kor.)

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

Die Eerste Minister en leier van die H.N.P., dr. D. F. Malan, het ander gevolge gestel. Hy het o.a. op sy partykongres in Johannesburg gesê dat as die Kleurlinge reeds tydens die jongste provinsiale verkiesing van die kieserslyste verwyder was, die H.N.P. nie die setel sou verloor het nie, maar dit sou behou het met 'n meerderheid van 3,000!

Wat swaarste is, moet swaarste weeg.

# OUD-REGTER BOTHA OORLEDE

**Verlede Sondag is oud-regter C. L. Botha aan sy woning op Stellenbosch oorlede in die ouderdom van 81 jaar.**

Hy is op 'n boereplaas in die distrik Kroonstad gebore. Na sy skoolopleiding het hy na die Victoria Kollege (vandag die Universiteit van Stellenbosch) gegaan om in die regte te studeer. Vandaar is hy vir verdere studie na Londen en Amsterdam, waar hy die doktorsgraad in die regte behaal het.



Na sy terugkeer in sy vaderland het hy eers in Johannesburg en later in Bloemfontein gepraktiseer as advokaat. Hy het in 1927 regter geword en by sy aftrede in 1939 was hy hoofregter van die Vrystaat.

Hy was 'n tydgenoot van wyle generaals Hertzog en Smuts en het saam met hulle eers op Stellenbosch en later in die buiteland studeer.

Voordat hy regter geword het en nadat hy afgetree het, het hy 'n aktiewe belangstelling in die politiek openbaar. Voor die totstandkoming van Unie was hy 'n lid van die Vrystaatse Volksraad en daarna het hy Bloemfontein in die Unie-parlement verteenwoordig. Na sy aftrede as regter het hy sy volle gewig by die Ossewabrandwag ingegooi en tot aan sy dood was hy 'n oortuigde en gewaardeerde lid van die beweging.

### RAADSMAN VAN DIE O.B.

Sy heengaan is 'n sware verlies vir die O.B. want hy was by uitnemendheid 'n raadsman van die beweging. Die voormanne van die beweging sal sy rype oordeel mis. Ook die O.B. en sy lesers sal hom mis want by geleenthede het hy tot die O.B.-publiek deur die blad gespreek. Talle oud-studente wat in die oorlogsjare op Stellenbosch was toe die A.N.S.-tak en die Studente - kommando's 'n kwaai stryd vir hul bestaan en hul beginsels moes voer, sal in hierdie dae met dankbare erkentlikheid terugdink aan die daadwerklike steun wat hierdie onbevreesde man altyd gereed was om aan hulle te gee.

Oud-regter Botha is Maandagnamiddag in die Maitlandse krematorium veras.

Die O.B. betuig hartlike deelneming en meegevoel met die oorledene se twee agterblywende dogters en met sy familiebetrekkinge.





Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret




GI-3058 AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensings, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## HUWELIKE

**VAN DER SMIT.** — George en Betsie (Steenkamp), Outjo, maak bekend dat hulle op 23 Februarie l.l. in die huwelik getree het. Mnr. van der Smit is nog een van die O.B.'s wat vasstaan en koershou in S.W.A.
7/3/1B.

## IN MEMORIAM

**PRINSLOO.** — In broefheid dink ons terug aan 1 Maart 1945, toe van ons weggeneem is, ons dierbare moeder Machteld Gertruida. Die jare snel verby maar vul nie hierdie leemte in ons harte nie. Ben en Esther.
7/3/1

## WIE KAN HELP?

Vriende ek is 'n Afrikaner wat baie belangstel in besigheid. Wil baie graag vorentoe in die lewe. Ek kort net die geld om 'n sukses te maak van my onderneming. Ek het £200 of £300 dringend nodig. Wie kan my help? 20 vriende wat my byvoorbeeld elk £15 kan leen vir 5 jaar of langer sal 5% rente jaarliks betaal. As sekuriteit slegs uitkerings lewenspolis £150 nou 8 jaar oud. Hele lewenspolis £650 nou 5 jaar oud. Eerlikheid as waarborg. Gebruik nie sterk drank. Kan getuigskrifte kry van persone asook van 'n bankbestuurder dat ek eerlik is. Kom vriende help my asseblief, u wat dit kan doen. Ek het u hulp so dringend nodig. Skryf asseblief aan :—
„Korporaal", Posbus 1411, Kaapstad.
7/3/1

**DIS LATER AS WAT ONS DINK.** Beveg Kommunisme. Gee die naturel die Bybel. Wil u graag 'n bydraggie skenk om dit moontlik te maak dat die Bybel in sy eie taal aan die naturel gegee kan word en ook leesboeke goedgekeur deur die Kerk en die Staat.
Vir besonderhede skryf aan:— Kamer No. 3, Kloofhuis, Knysna.
7/3/1

## PLANNE OM GELD TE MAAK

Maak baie geld tuis sonder kapitaal. Ons sal u wys hoe. Gefrankeerde koevert sal gratis inligting verstrek. **Posbus 16, — O.B., Robinson, Transvaal.**
7/3/T.K.

## GEWEERS TE KOOP

1. Lee-Metford (S.M.L.R.) met feitlik nuwe loop deur deskundige gepak en voorsien van bykomstige gaatjiesvisier. Eersteklas toestand. Volkome akkuraat. — £15.

2. Duitse Mauser, .22 kaliber. Eersteklas in alle opsigte Weinig gebruik. Pragstuk. Ook voorsien van bykomstige gaatjiesvisier vir skyfskiet — £30.

3. Zidi (5.6 m.m.) Oorspronklike Duitse maak met magasyn vir 5 patrone. Eersteklas jaggeweertjie. Vinnig en akkuraat — £30, en 800 patrone teen £2 per 100.

Bostaande geweers is baie goed versorg en opgepas. Almal gelisensieer. Doen dadelik aansoek by: J. A. Smith, Mymer, George.

## TE KOOP

1 Krink-bokwa, 15 vt., vier vere, voor- en agterremme — £20.
1 Drievoor-ploeg, nuwe skare — £25.
1 Tweevoor-ploeg, nuwe skare — £15.
1 Eenvoor Victor-Tuinploeg — £4 of £60 die lot.—**Skryf Gerneke, Biesiesdam, Petrusburg, O.V.S.**
28/2/2B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — **„Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad.** T.K.

**Duitse Merino-rammetjies uitverkoop.** Plaas bestellings vir November-aflewerings om teleurstelling te voorkom. Geteel van opreggeteelde Elsenburgvaders. **C. du Toit, Malanstasie.**
31/1/7B

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsmannemers. Foon 9-8435

## GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
A/1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559,** Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

## MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179,** Kaapstad. 3/12/11

*Ander Se Menings*

# MOET EERS BOETE DOEN SÊ BRIT

**„Voordat ons verder gaan op die pad na die derde wêreldoorlog pas dit ons om ons eie saak baie noukeurig na te gaan en ons eie gewetes baie deeglik te ondersoek ten einde vas te stel of ons saak inderdaad werd is om voor te veg en ons hande skoon genoeg om dit te ondersteun," skryf John Beckett in die Peoples Post nadat hy die stelling neergelê het dat 'n mens die kwaad alleen met deug kan beveg en dat geweld volgens Christelike maatstaf alleen as 'n laaste toevlug geneem kan word maar dan ook alleen wanneer die swaard opgeneem word deur mense wat oortuig is van hul eie regverdigheid.**

In die dertig jaar wat ek deelgeneem het aan die openbare lewe kan ek my nie herinner dat ek ooit aan die kant van die meerderheidsopinie gestaan het nie. Toe ek die eerste maal die politiek betree het, was dit as 'n teruggekeerde soldaat wat beswaar gemaak het teen die „diewekombuis van Versailles." **Met stem en pen het ek voorspel dat hierdie bose verdrag 'n tweede wêreldoorlog binne twintig jaar sou veroorsaak. Ek het my baie ongewild gemaak, en ongelukkig was ek reg. Sedert 1934 het ek my vereenselwig met diegene wat aangetoon het dat Duitsland ons natuurlike bolwerk teen die gevaar van Asiatiese kommunisme is en dat elke poging aangewend behoort te word om sy wettige griewe uit die weg te ruim en hierdeur òf 'n vriend van Adolf Hitler te maak òf sy greep op die Duitse volk dermate te verswak dat enige bedreiging uitgeskakel sou word.** Geen sodanige poging is aangewend nie en die tweede wêreldoorlog is aangeknoop vir die voorgewende oogmerk om Pole te bevry en Duitsland te demilitariseer.

### NIE JUIS BETER NIE

Diegene wat soos ek gedink het, is in die tronk gesmyt sonder aanklag of verhoor ooreenkomstig die beste kommunistiese gewoontes, wat aandui dat die here Churchill, Morrison en Kie., wat dit so geniet het om hul teenstanders deur middel van geheime bevele in tronke te stop, nie juis 'n baie groot sedelike voorsprong het op die kommuniste wat hulle nou wil beveg nie.

Die toestand vandag rig 'n duidelike uitdaging aan die eerlikheid van daardie politici wat ons in 1939 in die oorlog gesleep het. **Pole, verskeur met ons toestemming en medewerking, lewe onder 'n tirannie veel erger as wat die Nazi's kon ingevoer het en verre van Duitsland te demilitariseer, stop ons nou wapens in die Duitsers se hande en vra hulle om gereed te wees om weer te veg.**

### NOG GEEN APOLOGIE

„Selfs nou het ons nog nie daardie apologie aangeteken en boete gedoen wat nodig is voordat ons met skoon hande kan veg nie. Afgesien van die kwessie van verskoning en vergoeding aan die etlike duisende mense wat jare van gevangenisopsluiting ondergaan het deur in 1940 te sê wat hul vervolgers en tronkbewaarders vandag sê, het ons die bloed en misdaad aan ons hande en op ons gewete van 'n verwoeste Europa.

Honderdduisend vroue en kinders is genadeloos deur bomme om die lewe gebring in die vreedsame stad Dresden lank nadat alle twyfel uit die weg geruim was dat die oorlog gewen is. Verhore, teregstellings, georganiseerde moorde, rowery en buitery is alles gepleeg op 'n weerlose vyand na die oorwinning. Hoe ver het ons nie afgedwaal van ons aanspraak dat ons 'n deugsame en sportiewe volk is nie!

### BESOEDELDE BESKERMHERE

Na die eerste wêreldoorlog het ons skerp beswaar gemaak teen die barbaarse wyse waarop die Franse die weerlose liggaam van die neergevelde vyand geskop het, maar ons sedelikheid het dertig jaar later so gedaal dat ons gedrag veel erger was as enigiets wat die Franse in 1918 gedoen het.

„Ongelukkig vir ons aanspraak om tans soos sir Galahad teen die kwaad te veg, maak hierdie onerkende en onbelyde misdade en vergrype ons verklaarde deug ietwat yl en die gewone volke van die wêreld kan sekerlik met heelwat agterdog kyk na die besoedelde wapenrusting van hul aanstaande beskermers.

„Die mensheid staan voor die grootste beproewing van sy bestaan. Kommunisme is die listigste vyand waarteenoor die beskawing en Christendom te staan gekom het. Elke herbewapening wat aangepak word, moet vergesel gaan van 'n kragtige poging aan die kant van die gemeenskap en enkeling om hulself waardig te maak om vir 'n regverdige saak te veg, en ek wil afsluit deur te sê dat indien hierdie poging suksesvol is, sal die moontlikheid om geweld te gebruik grootliks verminder wees, want deug sal dan soos 'n ligbaken uittoring om so baie van ons huidige vyande aan te trek dat dit maklik alleen kan triomfeer."

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika** is vandag 'n **Koninkryk** onder 'n **Britse koning:**
DIE O.B. veg vir 'n **Republiek** onder 'n **Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers** en **deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir '**n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blankes en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.
DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

### *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....................*

*..........................vir die eerste.........................maande.*

*NAAM*.......................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*...................................................

.............................................................

.............................................................

.............................................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**
**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## Agteruitgang Van Volksedes

**Mnr. J. Stemmet, Knysna, skryf:**

Ek stem saam met mev. Theron van Koffiefontein dat Amajuba ook 'n dag van dankbaarheid is. In die Ou Testament word geskryf dat die Israeliete sekere verpligtinge gehad het om na te kom by hul feesdae. Net so het ons ook vandag ons feesdae, bv. Geloftedag. Hoe hou ons dit vandag? Dit is in baie opsigte nie meer 'n dag afgesonderd vir God uit dankbaarheid nie, maar bloot 'n vakansiedag. Maar sal dit nie beter wees as ons Amajubadag neem as 'n dag van verootmoediging voor God nie? As gevolg van sonde was die Israeliete verdruk deur die heidene. Is ons ook nie vandag besig om die godsdiens en tradisies van ons vadere te vertrap nie? Word daar nog huisgodsdiens in ons Afrikaanse huise gehou? Word daar nog op Sondae bymekaar gekom om God te dank vir die week wat verby is, vir hulp en seëninge?

Ons hef vandag die slagspreuk so baie aan: Vryheid! Vryheid! Ons wil vry wees, maar waarvan? Moet ons nie God bid vir vryheid van sondebande soos dronkenskap, onsedelikheid en wat dies meer sy? Het ons jong dogters en jong mans nog die skaamte en eerbied teenoor mekaar? Dink veral aan die kleredrag van die moderne dames van ons volk. Ek is nie 'n ou man of 'n getroude man nie; ek is 'n jong man van 28 jaar oud. Is die huwelikslewe nog vandag iets heiligs by ons volk? Dink aan die vele egskeidingsake wat daagliks in ons geregshowe voorkom. Is ons leiers van vandag nog almal mense wat God eer en dien of is baie van hulle meer vir eiebelang as vir die belang van God, vir sy land en volk? Ek weier om vandag te glo aan 'n leier — dit maak nie saak wie hy is nie — as hy nie 'n man is wat God eer en dien nie.

Tydens die Kerklike Kongres insake Sosiale Euwels het die volgende punte aan die lig gekom: Volgens prof. C. M. van den Heever het afkeurenswaardige sensasie-leestof die Afri-Afrikaanse boekemark verower. Seks het die plek van godsdiens in ons letterkunde verower.

In Transvaal alleen word maandeliks een-en-'n-half miljoen boeke versprei waarvan dr. Frank Laubach van Amerika die volgende uitlating gemaak het: „Dit is vir niemand goed nie. As 'n Amerikaner skaam ek my oor sulke leesstof afkomstig uit my land.

Dr. D. Wertham, direkteur van 'n kliniek in New York, stel dit onomwonde dat die hedendaagse „Comics" en aanverwante leesstof net korrespondensiekursusse in misdaad is.

Behalwe Kanada en Australië is Suid-Afrika die enigste land wat die soort leesstof toelaat (en ons is die godsdienstige volk).

Ons praat so baie oor kommunisme onder die naturelle, maar wat doen ons om dit teen te werk? Die beste wapen daarteen is die Bybel. Laat ons slagspreuk wees: Gee die naturel die Bybel.

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

## Versprei Die O.B.

**„Korporaal," Suidwestelike Distrikte, skryf:**

Ek is 'n jong Afrikaner. Hier waar ek bly, is glo nie baie wat die O.B.-blad kry nie. Ek het darem 'n paar persone al genader om in te teken. Die toesprake van die K.G. het ek deur die pos aan vriende en persone wat nie die O.B. kry nie, gestuur. Kom vriende, maak u ook so; bestel 'n dosyn of meer en deel uit onder die mense sodat hul oë kan oopgaan vir die Waarheid.

Verder, meneer, is ek maar een wat ook moet spartel om vooruit te gaan en finansieel is ek nie so goed daaraan toe nie, maar waar mnr. Stander £10 aanbied as u nog 1,000 kry (ek meen elk gee dan £10) sal ek £1 stuur so gou moontlik. Ek vra dan nog 10,000 lesers om dieselfde te doen.

## Leiers Moet Nie Huiwer

**Mev. J. Theron en J. van der Merwe, Koffiefontein, skryf:**

Ons hoor so baie van die naturelle- of kleurprobleem. 'n Sekere huisgesin wat glo dat jy jou ideale daagliks moet uitleef,

(vervolg op bladsy 5 kolom 1)

*Kleur en die Toekoms (I)*

# WETENSKAPLIKE BEREKEN VOLKSGROEI VAN RASSE

**In 'n referaat oor die demografiese en beroepsaspekte van die Naturellebevolking van die Unie het prof. dr. J. L. Sadie van die Universiteit van Stellenbosch op die jaarkongres van Sabra geskatte syfers verstrek oor toekomstige bevolkingsyfers van blank en nie-blank in Suid-Afrika wat deur elke blanke met oorpeinsing gelees moet word.**

**Die hoofpunte van sy lesing word in meegaande artikel weergegee.**

Benewens netto immigrasie uit vreemde gebiede, is die enigste ander wyse waarop 'n bevolking kan groei 'n oormaat van geboortes oor sterftes. Oor laasgenoemde twee aangeleenthede bestaan daar haas geen gegewens nie, en dié wat wel beskikbaar is, is onbetroubaar. 'n Monsterstudie in die gesondheidsentrum by Polela openbaar bv. 'n verbluffende daling in die sterftesyfer van 38.3 in 1942 na 15.6 in 1945. Ons sal ons egter van enige moontlike statistiese inligting, regstreeks en onregstreeks, moet bedien indien ons enige vordering in die navorsing van geboorte- en sterftetoestande onder Naturelle wil maak.

### STERFTE

T.o.v. sterftes beskik ons oor die gegewens wat ingesamel word in agt groot S.A. stede en die Witwatersrand, wat waarskynlik 'n kleiner mate van onakkuraatheid as ander gegewens inhou. Nogtans is die tekortkominge in hierdie verband soos volg:—

Die trekarbeidstelsel veroorsaak 'n gedurige wisseling van mensegetalle; die registrasie vind plaas volgens sterfplek, en nie volgens woonplek nie—hierdie tekortkoming word deels geneutraliseer deurdat o.a. die sterftes van die grootste deel van die Witwatersrandse gebied in aanmerking geneem word—; die registrasie van geboortes (waarop die kindersterftesyfer gebaseer moet word) soos ook waarskynlik van die sterftes self, is onvolledig. 'n Skreeuende voorbeeld hiervan is die statistieke van Randfontein waar daar in 1947 16 geboortes en 41 sterftes van kinders onder 1 jaar sou gewees het. Dit gee 'n kindersterftesyfer van 2,600 per 1,000!! Daarbenewens sal 'n gewone of rowwe sterftesyfer, wat op die totale aantal sterftes en inwoners gebaseer is, 'n verwronge beeld van gesondheidstoestande gee aangesien die leeftyds- en geslagsindeling van bogenoemde stede abnormaal is. Die aangewese weg is die opstel van lewenstabelle, soms ook sterftetabelle genoem, waarby genoemde faktore in ag geneem word.

Met behulp van statistieke insake geboortes, sterftes en leeftydsindelings van die grootste deel van die Witwatersrand, na inagneming van die probleme hierbo genoem en uitskakeling van gegewens wat onsinnige resultate lewer, deur middel van vergelykings en herhaalde eksperimente, en op grond selfs van intuïtiewe aanvoeling, het die skrywer lewenstabelle vir Naturellemans en vroue opgestel, waarby erkende aktuariële metodes gebruik is.

### RESULTATE

Uit die lewenstabelle kan die sogenaamde „korrekte" sterftesyfer afgelei word deur die verwagte lewensduur by geboorte in 1,000 te deel. Dit is „korrek" in die sin dat al die misleidende gevolge van onreëlmatighede in die leeftydsindeling van die werklike bevolking uitgeskakel is. Hierdie resultate word ook die sterftesyfer van die stasionêre bevolking genoem, d.w.s. van 'n bevolking wat met 'n gelyke aantal geboortes en sterftes steeds aan dieselfde sterftetoestande onderhewig sal wees. Die gemiddelde syfer vir Naturellemans en -vroue kom op 30 per 1,000 te staan wat twee maal so hoog soos dié van blankes, en 20 persent hoër as die Kleurlingsterfte, is. Na 'n vergelyking van die leeftydsindelings van die lewenstabel en die werklike bevolking, en na oorweging van die ondervinding van ander lande wat analogiese toestande vertoon, is tot die gevolgtrekking geraak dat die gewone of sterftesyfer, d.w.s. die werklike jaarlikse aantal sterftes uitgedruk as 'n verhouding tot die totale werklike bevolking, ongeveer 29 per 1,000 moet wees. Die verskil tussen die korrekte en gewone sterftesyfer is dus baie klein in teenstelling met wat onder blankes waargeneem word waar die syfers onderskeidelik 15 en 9 per 1,000 is. Hierdie verskynsel moet toegeskrywe word aan die feit dat Naturellekinders van wie die sterftekoerse baie hoog is, 'n groter gedeelte uitmaak van die totale bevolking as in die geval van blankes. In hierdie opsig is daar egter ooreenstemming tussen die Kleurlinge en die Bantoes.

### KINDERS

Die grootste potensialiteit vir die verlaging van die sterftekoers is geleë in die voorkoming van sterftes by kinders onder 2 jaar en veral gedurende die eerste lewensjaar. Die lewenstabelle impliseer 'n kindersterftesyfer — aantal sterfgevalle by kinders onder 1 jaar per 1,000 geboortes — van 314 vir seuns en 285 vir dogters of 'n gemiddelde van 300. Die waarskynlikheid dat 'n naturellekind sy eerste verjaardag sal bereik is slegs .74. Hierdie koerse is so hoog dat dit foutief skyn te wees. Hoewel die moontlikheid van oorskatting erken moet word, meen die ondersoeker tog dat dit nie buitekant die grense van waarskynlikheid val nie. In 'n Europese land soos Roemenië, bv. was die kindersterftesyfer in 1947 byna 200; in Chile was dit nog 262 gedurende 1934 — hoewel dit daarna sterk gedaal het — terwyl die syfer van Malta in die resente verlede selfs dié van Suid-Afrika oortref het.

### KEERPUNT

Wanneer die Naturellekind eers die dodelike siektes van die eerste twee jaar vrygespring of oorlewe het, word die vooruitsigte vir 'n verdere voortsetting van die lewe redelik gunstig. Vanaf die vyfde leeftydsjaar is die waarskynlike lewensduur van die gemiddelde naturel dieselfde as dié van die kleurling. By ouderdom 80 is die verwagte lewensduur van eersgenoemde selfs hoër as die ooreenstemmende blanke syfer. Enersdeels behels hierdie verskil 'n foutiewe skatting deur Naturelle van hul ouderdomme. Maar andersdeels is mens geneig om te dink dat dit in 'n mate mag ooreenstem met die werklikheid insoverre die Naturelle vir 'n groot gedeelte nog lewe in ooreenstemming met die beginsel van „survival of the fittest", en dat die verswakking van die weefsels, wat met seniele aftakeling gepaard gaan, nie so spoedig sy slagoffers onder hierdie oorblywende sterkstes eis as by blankes nie.

### SIEKTES

Uit die ontleding in die voorafgaande afdeling blyk dit duidelik dat dit geen toeval is dat aangebore misvorming, diarree en enteritis, bronchitis en longontsteking en sifilis 44 persent van die totale aantal sterfgevalle geëis het nie. Hierdie siektes vind veral hul slagoffers onder pasgebore en jong kinders, en soos ons tevore gesien het, is dit veral laasgenoemde wat verantwoordelik is vir die hoë sterftekoers onder Naturelle.

Kanker is 'n onbelangrike doodsoorsaak in teenstelling met Tuberkulose wat vir 15 persent van die totale aantal sterfgevalle verantwoordelik was. Dit is blykbaar 'n verskynsel wat veral by primitiewe volkere aangetref word. Presies die teenoorgestelde geld vir S.A. blankes waar kanker as oorsaak van die dood driemaal so belangrik as tuberkulose is. Die relatiewe belangrikheid van die twee siektes is waarskynlik 'n funksie van die peil van stoflike welvaart; hoe hoër laasgenoemde hoe groter die aantal slagoffers, vergelykenderwys, wat deur kanker opgeëis word.

### HARTKWAAL

Die aantal wat aan harsingbloeding, hartsiektes en ander siektes van die bloedsomloop

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

sterf, is ook betreklik klein, nl. 4.5 persent. Die ooreenstemmende syfer vir blankes is 21.9 persent volgens gegewens van 1941 — 43. Die rede vir hierdie verskil is dat soveel Naturelle op jeugdige leeftyd sterwe dat daar slegs 'n geringe getal oorbly om aan genoemde kwale, wat as ouderdomsiektes bestempel kan word omdat hulle 'n funksie van weefselverswakking is, te beswyk.

Hoewel dit nie in regstreekse verband met oorsake van die dood staan nie, maar meer bepaald met gesondheidstoestande geassosieer word, is 'n ander aangeleentheid wat hier kortliks genoem kan word, die verskynsel van doodgebore kinders. Uit die 1945-47-gegewens van die S.A. Stedelike gebiede, lei ons af dat die doodgebore kinders, uitgedruk as 'n aantal per 1,000 totale geboortes (doodgebore en lewendig gebore kinders) 'n resultaat van 105 vir seuns en van 83 vir dogters lewer, of 'n gemiddelde van 94 per 1,000. Dit is viermaal hoër as die koers van die blankes. Die manneverhouding van doodgebore kinders is 131.5 : 100 wat nog verder getuig van die groter swakheid van die seun om lewensgevare te trotseer.

(Word Vervolg)

(vervolg van bladsy 4 kolom 5)

het 'n bediende gehad wat maar nie tevrede kon raak omdat sy 'n swart vel het nie. Taktvol het die huisvrou alle middels aangewend om haar te laat besef dat 'n Alwyse God dit goed bedoel het en langsamerhand het die besef tot haar deurgedring dat 'n mens trots kan wees op jou eie ras en kleur. Sy het dan ook soveel agting ontwikkel vir Afrikaners wat hulself wou wees dat sy later trots was op die feit dat haar nooi aan 'n volksbeweging behoort. By die geboorte van 'n kindjie het sy 9/- kom aanbied vir die Boerejeug-fonds. Toe sy die verbasing op die huisvrou se gesig sien, was sy net opstandig en sê: „As ons bruin mense wil hê die witmense moet ons help, moet ons ook doen wat ons kan, en my kind sal eendag bly wees." Sy wou later ook weet waarom alle witmense nie aan die Ossewabrandwag behoort nie.

Dit wil lyk of ons leiers van die O.B. se verantwoordelikheids- en pligsgevoel alleenlik strek sover as net sekere paar stede en groot dorpe, terwyl die grootste deel van die boerebevolking op die platteland en die dorpies onbekend is met hul eie volksbeweging en hul moet tevrede stel met derderangse inligting van persone wat geneig voel om die volk verdeeld te hou en die jammer en teleurstelling uitspreek omdat daar geen redding meer van wees van so 'n aard soos „my vader ons altyd vertel, soos hulle in die goeie dae van die vrye Republieke gehad het nie."

Moontlik is ons leiers huiwerig omdat hulle klein gehore en swak opkomste vrees. Die Here Jesus het tog na Sy opstanding eers aan die enkelinge verskyn vóór en aleer die massa kon vereer word met Sy teenwoordigheid. As God sy volk wil laat triomfeer, waarom dan wag?

# Afrikaners Neem Toe Op Skool

**Die getalsterkte van Afrikaanssprekende leerlinge in Transvaalse staatskole het in die afgelope paar jaar aansienlik toegeneem terwyl dié van die Engelssprekendes 'n veel geringer toename toon. Wat die provinsie as geheel betref, het die Afrikaanse leerlinge van 126,282 (68.36 persent) in 1947 tot 138,321 (68.9 persent) in 1949 toegeneem teenoor 'n toename van Engelssprekende leerlinge van 54,397 (29.45 persent) in 1947 tot 57,209 (28.5 persent) in 1949. In albei jare was daar 4,050 tweetaliges.**

Wat die platteland betref, het die getalle van die Engelssprekendes agteruitgegaan, terwyl daar 'n geringe styging van Afrikaanssprekende leerlinge was. Die syfers is onderskeidelik 70,667 en 71,178 in die geval van Afrikaans- en 6,646 en 6,587 in die geval van Engelssprekendes.

In 1947 was daar 40,601 Afrikaanssprekende leerlinge in Randse staatskole teenoor 42,251 Engelssprekendes. In 1949 was die syfers onderskeidelik 49,657 en 44,918. Dit wil sê die meerderheid kinders in blanke staatskole aan die Rand is vandag Afrikaans.

## *Boerejeug Hou Uitstappie*

Ongeveer sewentig lede van die Skiereilandse Boerejeug het 'n aangename uitstappie gehad toe hulle op Saterdagmiddag, 11 Februarie 'n waatlemoenfees by Bloubergstrand gehou het onder toesig van mnr. A. Bredenkamp (komt.) en W. Wilkenson (veldkt.) en mej. Aletta Cloete (komdte.).

Hul vrolikheid het onder meer die aandag van die Minister van Justisie in die verbygaan getrek wat wou weet „van watter skool hulle is." Ongelukkig het die minister so gou weer geloop dat hom nie 'n waatlemoenskyf aangebied kon word nie.

Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
*BY*
Steyns
DIE MODEWINKEL
*Parow*



„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."

**BRILLE**
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

**NET 'N PAAR ITEMS**
om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk
Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-
*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

# Partypolitieke „Vordering" Op Vryheidspad

**Op versoek van 'n leser plaas ons hieronder die volledige republikeinse mosie wat in Januarie 1942 deur dr. D. F. Malan by die parlement ingedien is. Dit lui:**

„Met die oog op die ernstige krisis waarin ook ons land weens sy deelname aan die oorlog betrokke geraak het, verklaar die raad:

(a) „Dat ons hoogste volksbelange alleen gedien kan word deur die omskepping van Suid-Afrika in 'n republiek, **afgeskei van die Britse Kroon en Ryk en vry en onafhanklik van enige ander buitelandse mag.**

(b) **„Dat sodanige republiek nie geskoei mag wees op vreemde model nie, maar opgebou moet word ooreenkomstig ons eie volksaard en tradisies, op die beginsels van volksregering soos dit beliggaam was in die twee gewese Suid-Afrikaanse republieke, met wegbreking egter van alles wat vals en volkskadelik is in die hierbestaande Britse liberalistiese demokrasie, en met die nodige aanpassing van moderne omstandighede.**

(c) „Dat dit Christelik-nasionaal moet wees in wese en karakter en gegrond moet wees op die getroue inagneming van gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies van die blanke bevolking.

(d) „Dat dit veilig gemaak moet word vir die blanke ras en sy beskawing ooreenkomstig die voogdyskap-beginsel.

(e) Dat dit doeltreffend beskerm moet word teen die kapitalistiese en parasitiese uitbuiting van sy bevolking, sowel as teen ondermynende invloede van vyandiggesinde en onnasionale elemente."

### TOESPRAAK

Dit mag van belang wees om sekere aanhalings te neem uit dr. Malan se toespraak by daardie geleentheid, want die waarhede wat hy toe verkondig het, moet sekerlik vandag nog geld ten spyte van dr. Malan se huidige standpunt dat ons „onder enige omstandighede" in die Empire wil bly.

„Sover dit die republiek aangaan," aldus dr. Malan in 1942, „sê ons duidelik — **en dit is nie vatbaar vir enige misverstand** nie — dat die republiek veronder stel **die verbreking van die Britse konneksie,** en met die verbreking van die Britse konneksie sal ook die dubbelslagtighede wat dit vir ons vandag onmoontlik maak om ons nasieskap te verwesenlik, verdwyn . . .

### EIE STELSEL

„Sover dit die aard en karakter van die republiek betref, sê ons in die eerste plaas dat dit **suiwer Suid-Afrikaans moet wees.** Waar ons nie beswaar maak dat ander lande hul eie regeringsvorm en ideologie het nie, is ons nie van plan om enige ander volk na te aap nie. **Ons wil gebruik maak van wat Suid-Afrika self in die verband voortgebring het. Ons het Suid-Afrikaanse republieke hier gehad en daardie Suid-Afrikaanse republieke het hul eie stelsels gehad, hulle het hul eie regeringsvorms gehad wat dwarsdeur die wêreld, ver anderkant ons grense, die bewondering van elkeen opgewek het omdat daardie regeringstelsels so doeltreffend en terselfdertyd so oorspronklik was. Hulle het aangepas by Suid-Afrika en Suid-Afrikaanse toestande, hulle het gepas by die volk en die volksaard."**

### „WAG 'N BIETJIE"

Voortgaande het dr. Malan gesê dat die een antwoord wat nog altyd sedert die anneksasie van die republiek gegee is deur diegene wat nie 'n republiek wil hê nie, is: **„Moenie so haastig wees nie, wees geduldig, die tyd daarvoor sal aanbreek."**

„Ons het ontwikkel wat ons status betref, en ons het nou eindelik die punt bereik dat ons kan sê: „Konstitusioneel het ons mondig geword.' **En indien dit ons bestemming is om 'n vrye en onafhanklike republiek te word, dan is daar niks wat verhinder dat ons dit nou kan word nie."**

'n Ander stelling wat dr. Malan neergelê het was dat die Britse konneksie in die pad van nasionale eenheid staan. „Wat ons uitmekaar hou is ons verband met buitelandse state, die Britse konneksie. Pogings is van tyd tot tyd aangewend in ons land om volkseenheid te bewerkstellig op die grondslag van die Britse konneksie. **Hierdie pogings het misluk en ek sê dat solank die Britse konneksie voortbestaan, sal so 'n poging misluk."**

### KAPITALISME

**'n Verdere stelling wat dr. Malan neergelê het, was dat die republiek anti-kapitalisties moet wees. „Die tyd sal moet aanbreek dat die feit dat 'n man 'n miljoenêr is as 'n misdaad teen die volk beskou sal word. Dit moet onmoontlik gemaak word . . . Dit beteken dat die winste wat gemaak word behoorlik beperk moet word."**

### NEGE JAAR

**Hierdie pleidooi van dr. Malan is nege jaar gelede gelewer. Die teenstanders van republikanisme wat indertyd gesê het: „Moenie so haastig wees nie, wees geduldig, die tyd daarvoor sal aanbreek," het nog nege jaar aan tyd gewen, en boonop nog 'n merkwaardige rente op die nege jaar — die versekering, nl. van dr. Malan, nie meer as opposisieleier nie, maar as eerste minister, dat Suid-Afrika „in enige omstandighede" die Britse konneksie wil handhaaf en indien hy ooit, wanneer die tyd eendag daarvoor aanbreek, 'n republiek sou word, nog steeds die Britse konneksie sal handhaaf soos Indië dit vandag nog handhaaf.**

**Dit het maar net nege jaar van partypolitieke „vryheidstryd" gekos om dermate agteruit te gaan op die vryheidspad.**

## Tradisie Teenoor Seemag

Onderwyl die Engelse oorbruis van verontwaardiging omdat daar nie 'n Britse admiraal aangestel is as opperbevelhebber van die Atlantiese seemag nie, word stilweg uit Amerika aangekondig dat die Amerikaanse vloot aanstaande jaar meer as die helfte van die oorlogskepe van die Atlantiese Verbond sal lewer. Amerika sal dan 'n vloot van 500 skepe en 800,000 matrose hê.

Hiermee word beklemtoon dat hoewel die Britte 'n seetradisie mag hê, die Verenigde State 'n groter bydrae tot die Atlantiese seemag lewer as al die ander lande saam en gevolglik geregtig moet wees op die opperbevel.

Vir die Britte gaan dit maar moeilik om hulle aan te pas by die besef dat 'n ander wêreldmoondheid vandag die oseane beheer. Vir hulle is die Britse vloot „'n soort godsdiens", soos lord Templeton verlede week in 'n toespraak gesê het, en as hierdie godsdiens aangetas word, dreig hulle.

## ONGELUKKE EN ONGEVALLE

Die vyfde Suid-Afrikaanse ongeval in Korea is hierdie week aangemeld toe berig is dat kapt. W. J. Badenhorst en lt. D. A. Ruiter onderskeidelik afgeskiet is en weens enjin moeilikheid neergestort het. Drie van die vyf ongevalle is slagoffers van ongelukke as gevolg van enjin moeilikheid. Daar het onlangs ook 'n reeks vliegtuigongelukke plaasgevind by Langebaan waar vlieëniers opgelei word. Die regering het 'n ondersoek beloof. Dit is nodig dat die ondersoek ook na Korea uitgebrei word, aangesien soveel ongelukke op sabotasie dui.

# POLITIEKE PARTY KAN REPUBLIEK NIE BRING

**'n Politieke party is nie in staat om die republiek vir die Afrikanervolk te bring nie, want alle politieke partye is afhanklik van stemme. En meer bepaald is die Nasionale politieke partye in Suid-Afrika afhanklik van die stemme van Engelssprekendes — wat nog nie vir die republiek wil stem nie. Daarom plaas sodanige poltieke partye die republiek in die koelkas wanneer hulle na die stembus gaan of wanneer hulle aan bewind kom, het mnr. Max Smuts, generaal in bevel van die Paarlse afdeling van die O.B. verklaar toe hy die woord gevoer het by geleentheid van die viering van Vryheidsdag op Goudini. Dit was 'n gesamentlike viering van die kommando's van Goudini, Worcester en Robertson en het plaasgevind aan die voet van Du Toitskloof. Mnr. A. du T. Botha, kommandant van Goudini, het die verrigtinge gelei.**

Mnr. Smuts het gesê dat iets anders as 'n politieke party nodig is om die totstandkoming van die republiek te verseker. 'n Volksbeweging soos die Ossewabrandwag is nodig, wat voortdurend, tydig en ontydig, sal pleit en stry vir die republiek. Spr. sê hierdie dinge nie in vyandskap teen die nasionale politieke partye wat die regering uitmaak nie. Hy het twee redes waarom hy dit sê. **Eerstens wil hy teenoor lede van die O.B. die noodsaaklikheid en historiese belangrikheid van die lewe en die strewe van die O.B. beklemtoon. En tweedens wil hy teenoor die nasionale politieke partye aanvoer dat hulle met blydskap die bestaan en stryd van die O.B. moet aanskou en aanmoedig, want die beweging voer 'n stryd wat hulle (die republikeine in die nasionale politieke partye) in hul eie politieke partye nie kan voer nie.**

### REPUBLIKEINSE STRYDFONDS

Spr. wil as voorbeeld van die republikeinse onmag van politieke partye die geskiedenis van die H.N.P. se Republikeinse Strydfonds aanstip. In 1945, toe die H.N.P. in opposisie was, is die Party se Republikeinse Strydfonds as 'n maatskappy geregistreer, wat die geld moet verskaf om die republiek te bring. Op 13 Julie 1949, toe die H.N.P. aan bewind was, het die registrateur van maatskappye in die staatskoerant aangekondig dat die Republikeinse Strydfonds Maatskappy, wat die republiek sou bring, ontbind is.

**In die lig hiervan is dit redelik om te verwag dat nie alleen lede van die O.B. nie, maar ook republikeinse lede van die H.N.P., dankbaar sal wees dat die Ossewabrandwag ook nie ontbind het nie, en ook nie van plan is om te ontbind nie, maar inteendeel met geloof en oortuiging voortgaan om te stry vir die republiek.**

### GESKIEDKUNDIGE MYLPALE

Mnr. Smuts het gesê dat dit vir hom baie betekenisvol is dat die O.B. Vryheidsdag vier, die dag waarop die Amajuba-oorwinning behaal is in die



Eerste Vryheidsoorlog. Deur hierdie vierings word die kontinuïteit van die republikeinse stryd van ons volk gehandhaaf. En dit pas 'n volk om die mylpale in sy geskiedenis in herinnering te roep, en om gereeld 'n aandjie stil te staan en te luister na die stemme van die

(vervolg in kolom 3)

(vervolg van kolom 5)

verlede — stemme wat spreek van bloed en trane, van moederswee en vadersmart, van volharding en opoffering — van die stryd vir vryheid.

Spr. het voorts 'n oorsig gegee van ons volk se vryheidstryd. **Hy het gesê dat ons volk nog net een vyand geken het — die vyand wat in naam van Sy Britse Majesteit gekom het om ons volk se vryheid af te neem. Vandag nog staan die Britse partystelsel van verdeel en heers in die pad van ons vryheid. En vandag nog is Sy Britse Majesteit in ons midde in die persoon van sy verteenwoordiger — die Goewerneur-generaal. Maar ook vandag nog sit die O.B. die historiese stryd van die Afrikanervolk vir Vryheid voort.**

Nadat mnr. W. de V. Rabie (Generaal) die brandstapel aangesteek het, het die lede van die Boerejeug, elk met 'n brandende fakkel die aanwesiges na die Vryheidsvuur gelei, waar die Afrikaners, man, vrou en kind, hulle opnuut verbind het om te stry totdat die republiek verkry is.

$,,DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Kotré

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD




KWV

-Eau de Cologne
en -Laventel

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

K96